# ATKV Woordveertjies 2026



## Woordwystoekenning

REGLEMENT

### 1. Doelstellings

**Primêre doel**

Om praktykgerigte naslaanbronne te bekroon vir die bydrae wat daarmee gelewer word tot die ontwikkeling van Afrikaans in die praktyk en per implikasie meertaligheid in Suid-Afrika.

**Sekondêre doel**

Om belangstelling in woordeboeke en taalgidse onder taalgebruikers en uitgewers aan te wakker.

### 2. Wat word bedoel met naslaanbronne?

Naslaanbronne verwys na woordeboeke, taalgidse en taalhandleidings oor die gebruik van Afrikaans wat deur taalgebruikers in die praktyk gebruik kan word.

### 3. Vereistes vir naslaanbronne

Die volgende vereistes geld vir naslaanbronne wat in aanmerking vir die Woordwystoekenning in 2026 kom:

i. Die naslaanbronne moes tussen 1 Januarie en 31 Desember 2025 verskyn het.

ii. Die naslaanbronne moet praktykgerig wees. Hiermee word bedoel dat 'n naslaanbron deur taalgebruikers op verskillende vlakke geraadpleeg kan word vir die gebruik van Afrikaans in die praktyk. Leerders, studente, onderwysers, dosente, joernaliste, akademici, taalpraktisyns, vertalers en Jan Alleman moet die naslaanbron kan gebruik.

iii. Taalgidse en taalhandleidings moet leiding verskaf oor die gebruik van Afrikaans.

iv. Woordeboeke sluit in gewone en vakwoordeboeke wat vertalend, verklarend of beide is.

v. By tweetalige gewone of vakwoordeboeke moet Afrikaans die bron- of doeltaal wees.

vi. By veeltalige gewone of vakwoordeboeke moet Afrikaans die bron- of een van die doeltale wees.

vii. Naslaanbronne vir skoolgebruik kom ook vir die Woordwystoekenning in aanmerking.

viii. Net nuwe publikasies en herdrukke wat aansienlik verbeter en/of uitgebrei is, kom in aanmerking vir die Woordwystoekenning. Blote herdrukke van publikasies wat nie verbeter, bygewerk of uitgebrei is nie, kom nie in aanmerking nie.

### 4. Elektroniese naslaanbronne

i. Bogenoemde vereistes geld ook vir elektroniese naslaanbronne met die uitsondering van die publikasiedatum wat in nommer 3.i. genoem word. Hierdie bronne word nie altyd binne 'n sekere jaar voltooi as 'n volledig afgeronde publikasie nie met die moontlikheid van voortdurende bywerkings. Daarom moet elke elektroniese bron volgens sy eie meriete beoordeel word. Die bronne moet egter tydens beoordeling as voltooi beskou kan word afgesien van moontlike bywerkings. Die bronne moet dus voldoende substansie hê om beoordeling te regverdig.

ii. Verder moet nuwe elektroniese bronne 'n aanvang geneem het tussen 1 Januarie en 31 Desember 2025. Vir bywerkings en die uitbreiding van bestaande elektroniese bronne kan meer speling toegelaat word na gelang van die aard en omstandighede van die bron.

iii. Die beoordelaars kan na goeddunke 'n elektroniese bron afwys indien hulle van mening is dat die bron nog nie geskik en voldoende is vir beoordeling nie.

### 5. Beoordeling

i. 'n Paneel van drie beoordelaars word deur die ATKV aangewys. Hierdie persone moet kennis dra van leksikografie en/of op hoogte wees van taalgebruik in die praktyk.

ii. Die beoordelaars moet in samewerking met die ATKV 'n lys opstel van die naslaanbronne wat in 2025 tussen 1 Januarie en 31 Desember verskyn het en wat in aanmerking kom vir die Woordwystoekenning.

iii. 'n Persoon wat betrokke was by die saamstel/redigering van 'n naslaanbron in die gegewe jaar mag nie as beoordelaar optree nie as daardie naslaanbron op die lys van die beoordelaars verskyn.

iv. Die beoordelaars wys elke jaar een naslaanbron aan as die ontvanger van die Woordwystoekenning op grond van die bydrae wat die naslaanbron tot Afrikaans lewer.

v. Indien die standaard van die naslaanbronne op die beoordelaarslys nie voldoende is nie, word die Woordwystoekenning nie in die betrokke jaar toegeken nie.

### 6. Toekenning

i. Die ATKV-Woordwystoekenning bestaan uit R25 000 kontant plus 'n Woordveertjie-trofee.

**ii. LW: Die Woordwystoekenning word aan die naslaanbron gemaak en nie aan enige outeur, samesteller, redakteur of uitgewer nie.**

ATKV

ATKV *Woordveertjies* 2026



# Woordwystoekenning

## REGLEMENT

Hierdie bepaling is noodsaaklik aangesien naslaanbronne net een samesteller tot 'n hele redaksie kan hê. Op hierdie manier word geen samesteller of uitgewer onregmatig bevoordeel of benadeel nie.

iii. Die prysgeld kan na goeddunke deur die samesteller/samestellers aangewend word. Dit kan byvoorbeeld in die naslaanbron belê word vir 'n volgende uitgawe of deur die samestellers en/of uitgewer gedeel word.

iv. Die ATKV is nie aanspreeklik vir die wyse waarop die prysgeld aangewend word nie.

v. As daar meer as een samesteller betrokke is, moet die samestellers 'n verteenwoordiger aanwys wat die Woordwystoekenning namens die naslaanbron in ontvangs kan neem.

vi. Die uitgewer van die wennaslaanbron ontvang 'n sertifikaat.

vii. Die samesteller(s) en uitgewer moet self besluit waar die Woordveertjie-trofee uitgestal gaan word. Die ATKV is nie aanspreeklik hiervoor nie.

### 7. Reëls en bepalings

i. Die naslaanbron wat met die Woordwystoekenning bekroon gaan word sal in kennis gestel word sodra die beoordeling afgehandel is.

ii. Die ATKV behou die reg voor om in samewerking met die beoordelaarspaneel finaal te beslis oor die toekenning indien onsekerheid of 'n uitsondering ontstaan vanweë die reëls of praktyk daarvan.

iii. Die beoordelingsproses word streng deur die ATKV gekontroleer.

iv. Die beslissing van die beoordelaars is finaal. Geen korrespondensie sal tydens of na afloop van die toekenningsgeleentheid oor die uitslag gevoer word nie.

v. Die ATKV kan die Woordwystoekenning weerhou op grond van die gehalte van die naslaanbronne en op aanbeveling van die beoordelaars.

vi. Net een Woordwystoekenning word per jaar oorhandig.

vii. Die ATKV behou die reg voor om beeld- en oudiomateriaal tydens die ATKV-Woordveertjies te gebruik.

viii. Die deelnemende partye onderneem om hulle neer te lê by die reëls van die Woordwystoekenning, wat ook mediaskakeling insluit.

ix. Die ATKV behou die reg voor om die Woordwystoekenning enige tyd op te skort of te beëindig indien omstandighede dit noodsaak.

x. Oortreding van bogenoemde reëls kan lei tot die diskwalifikasie van naslaanbronne.

### 8. Oorhandiging van die Woordwystoekenning

i. Die Woordwystoekenning word een keer per jaar toegeken mits die naslaanbronne wat in aanmerking kom vir die toekenning van 'n hoë standaard is.

**Organiseerder: Woordwystoekenning**
**Dr. Marietjie du Plessis**
**Tel.: 010 210 7445 of 082 867 8100**
**E-posadres: marietdp@vodamail.co.za**

**Projekkoördineerder**
**Jeanné Naudé**
**Tel.: 011 919 9088**
**E-posadres: jeannen@atkv.org.za**

**Besonderhede oor die Woordwystoekenning verskyn op die ATKV se webwerf by www.atkv.org.za**

ATKV